The property with the wild fig trees thereon, described as Subdivision B of Lot 1 Block Market Square of the Town Lands of Durban No. 1737, situate in the City and County of Durban, Province of Natal, in extent eleven thousand six hundred and fifty-two (11 652) square feet.

Certificate of Registered Title 3001/1964, dated 24.3.1964.

Historical and aesthetic interest

This property forms an important part of the historic site of the first White settlement west of Port Natal. The erf is one of the few open spaces in the city centre of Durban and, with its indigenous trees, it constitutes an important aesthetic element. (10/2/480.)

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese eiendom op die hoek van West- en Kerkstraat, met die wildevyebome daarop, begrens deur die Publisiteitsburo en die Munisipale Baddens, Durban, tot nasionale gedenkwaardigheid.

Beskrywing

Die eiendom met die wildevyebome daarop, beskryf as Onderverdeling B van Perseel 1 Blok Markplein van die Dorpsgronde van Durban Nr. 1737, geleë in die stad en county Durban, provinsie Natal, groot elfduisend seshonderd twee-en-vyftig (11 652) vierkante voet.

Sertifikaat van Geregistreerde Titel 3001/1964, gedateer 24.3.1964.

Historiese en estetiese belang

Hierdie eiendom vorm 'n belangrike deel van die historiese terrein van die eerste Blankenedersetting wes van Port Natal. Die erf is een van die weinige oop ruimtes in die Durbanse middestad, en met die inheemse bome daarop, is dit 'n belangrike estetiese element. (10/2/480.)

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 2546 31 December 1976

APPOINTMENT OF ACTING MINISTER

It is hereby notified that the State President has approved of the appointment, with effect from 7 December, 1976, of the Honourable A. J. Raubenheimer as Acting Minister of Agriculture, during the absence from South Africa of the Honourable H. Schoeman.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 2546 31 Desember 1976

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 7 Desember 1976, van Sy Edele A. J. Raubenheimer as Waarnemende Minister van Landbou, gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele H. Schoeman.

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

No. 2549 31 December 1976

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 3 (7) OF THE ARCHITECTS' ACT, 1970 (ACT 35 OF 1970)

Government Notice 1702, dated 17 September 1976, is hereby amended in respect of the names of the following members and alternate members of the South African Council for Architects mentioned in the Schedule to the said notice:

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

No. 2549 31 Desember 1976

AANKONDIGING INGEVOLGE ARTIKEL 3 (7) VAN DIE WET OP ARGITEKTE, 1970 (WET 35 VAN 1970)

Goewermentskennisgewing 1702 van 17 September 1976 word hierby gewysig ten opsigte van die name van ondergenoemde lede en plaasvervangende lede van die Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte in die Bylae van voormelde kennisgewing genoem:

SCHEDULE/BYLAE

Member Lid	Section in terms of which appointed Artikel waarkragtens aangestel	Alternate member Plaasvervangende lid	Section in terms of which appointed Artikel waarkragtens aangestel
Ian Grant Stewart Cruickshank.....	3 (1) (a)	Ephraim Lentin..... Barry Ebenezer Biermann.....	3 (6) 3 (6)

No. 2550 31 December 1976

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 13 (3) OF THE ARCHITECTS' ACT, 1970 (ACT 35 OF 1970)

Government Notice 1701, dated 17 September 1976, is hereby amended in respect of the names of the following alternate members of the Education Advisory Committee for Architects mentioned in the Schedule to the said notice:

No. 2550 31 Desember 1976

AANKONDIGING INGEVOLGE ARTIKEL 13 (3) VAN DIE WET OP ARGITEKTE, 1970 (WET 35 VAN 1970)

Goewermentskennisgewing 1701 van 17 September 1976 word hierby gewysig ten opsigte van die name van ondergenoemde plaasvervangende lede van die Adviserende Onderwyskomitee vir Argitekte in die Bylae van voormelde kennisgewing genoem:

SCHEDULE/BYLAE

Alternate member *Plaasvervangende lid*	*Section in terms of which appointed* *Artikel waarkragtens aangestel*
Herbert Maurice John Prins.....	13 (2)
Barry Ebenezer Biermann.....	13 (2)
James William Gous.....	13 (2)

GENERAL NOTICES

NOTICE 824 OF 1976

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

NOTICE OF EXPROPRIATION.—DURBAN

To:

THE REGISTERED OWNERS, AS INDICATED IN THE UNDERMENTIONED SCHEDULE WHOSE ADDRESSES ARE UNKNOWN, AND TO ALL OTHER INTERESTED PARTIES

Please take notice that—

Whereas to the knowledge of the Community Development Board, established under section 2 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), you are the registered owners of immovable property situated in Durban described in the Schedule and whereas the said property is required by the said Community Development Board in order to achieve the objects for which the said Board was established;

And whereas the Minister of Community Development has in terms of paragraph (a) of subsection (1) of section 38 of the said Act on 29 October 1976 approved of the expropriation of the said properties;

Now, therefore, take notice that the said Community Development Board hereby expropriates the said property with effect from the date of service of this notice; and

You are hereby requested to state the amount claimed by you for the said property and you are further required to deliver, or cause to be delivered to the undersigned within 30 days from the date of service hereof, or within such further period as the Community Development Board may allow—

(a) a statement, in writing, setting forth the amount (if any) claimed for the immovable property described herein;

(b) your documents of title to the immovable property if these are in your possession or under your control; and

(c) if the said documents are not in your possession or under your control, a list, signed by you of the said documents setting forth the registration numbers and dates thereof and the names and addresses of the persons in whose possession or under whose control those documents are and the registration numbers and dates of mortage bonds (if any) on the immovable property and the names and addresses of the holders thereof;

Further take notice that the ownership in the immovable property described herein shall pass to the said Board upon the date of service hereof and the Board may, after the expiry of a period of not less than three months from the date of service hereof, take possession of the said property.

Dated at Durban this 18th day November 1976.

L. FOUCHÉ, Secretary for Community Development.

Enquiries to.—The Regional Representative, Department of Community Development, John Ross House, Esplanade, Private Bag X54315, Durban.

SCHEDULE

Description of property	Extent	Registered owners
Remainder of Sub 15 of Lot MB5 of the farm Cato Manor 812, situate in the City and County of Durban Province of Natal	2 042 m²...	1. Estate Late Poongavanam. 2. Estate Late Munsamy. 3. Estate Late Maduray. 4. Estate Late Irusamma. 5. Estate Late Ponnusamy. 6. Aroomugam.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 824 VAN 1976

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.—DURBAN

Aan:

DIE GEREGISTREERDE EIENAARS, SOOS AANGEDUI IN DIE ONDERSTAANDE BYLAE, WIE SE ADRESSE ONBEKEND IS, EN AAN ALLE BELANGHEBBENDE PARTYE

Geliewe kennis te neem dat—

Nademaal u na die wete van die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), die geregistreerde eienaars is van sekere onroerende eiendomme geleë te Durban beskryf in die Bylae en nademaal genoemde eiendom vir genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad nodig is ten einde die oogmerke waarvoor die Raad ingestel is te bereik;

En nademaal die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 38 van genoemde Wet op 29 Oktober 1976 die onteiening van genoemde eiendom goedgekeur het;

Neem derhalwe kennis dat genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad genoemde eiendom onteien vanaf die datum van besorging van hierdie kennisgewing;

U word hierby versoek om die bedrag wat u ten opsigte van genoemde eiendom eis, te noem en u moet binne 30 dae na besorging hiervan, of binne so 'n verdere tydperk as wat die Gemeenskapsontwikkelingsraad mag toelaat, aan die ondergetekende lewer of laat lewer—

(a) 'n skriftelike verklaring waarin die bedrag van vergoeding (as daar is) wat u vir die onroerende eiendom hierin beskryf eis, uiteengesit word;

(b) die stukke wat u titelbewyse op die onroerende eiendom uitmaak, indien dit in u besit of onder u beheer is; en

(c) indien genoemde stukke nie in u besit of onder u beheer is nie, 'n lys deur u onderteken van genoemde stukke, met vermelding van die registrasienommers en datums daarvan en die naam en adres van die persoon in wie se besit of onder wie se beheer daardie stukke is en die registrasienommers en datums van verbande oor die onroerende eiendom (as daar is) en die name en adresse van die houers daarvan;

Neem verdere kennis dat die eiendomsreg op die onroerende eiendom hierin beskryf, by besorging hiervan oorgaan op die Raad en die Raad na verstryking van 'n tydperk van minstens drie maande na die datum van besorging hiervan genoemde eiendom in besit kan neem.

Gedateer te Durban op hede die 18de dag van November 1976.

L. FOUCHÉ, Sekretaris van Gemeenskapsbou.

Navrae aan.—Die Streekverteenwoordiger, Departement van Gemeenskapsbou, John Rossgebou, Esplanade, Privaatsak X54315, Durban 4000.

BYLAE

Beskrywing van eiendom	Grootte	Geregistreerde eienaars
Restant van Onderdeel 15 van Perseel MB5 van die plaas Cato Manor 812, geleë te Stad en Graafskap van Durban, provinsie Natal	2 042 m²...	1. Boedel wyle Poongavanam. 2. Boedel wyle Munsamy. 3. Boedel wyle Maduray. 4. Boedel wyle Irusamma. 5. Boedel wyle Ponnusamy. 6. Aroomugam.

NOTES

1. Attention is drawn to the provisions of regulation 26 of the Regulation made under the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), and which reads as follows:

"26. Until such time as the owner or any person occupying on his behalf or with his permission, vacates immovable property expropriated by the Board and the latter is allowed to take possession thereof the owner shall maintain such immovable property in the same order and condition as it was at the date of service of the notice of expropriation failing which the Board shall be entitled to recover from the owner the cost of restoring the property to its said order and condition. Any amount thus becoming payable by the owner shall, subject to the provisions of section 38 of the Act, from a first charge against the amount of compensation payable in respect of such property.".

2. If it is the owners intention to continue his or any other person's occupation of the property after the expiration of the three month period mentioned in paragraph 5 of the "Notice of expropriation", the owner should, within 30 days of the date mentioned in the aforesaid notice, contact the Regional Office of the Department of Community Development in order to make the necessary arrangements.

3. Should the owner or present occupier continue to occupy the property until such time as the amount of compensation is agreed upon and paid or the property is registered in the Board's name, the owner shall be responsible for the payment of municipal rates, taxes and other charges on the property for that period. Should the owner fail to pay such charges the Board reserves to itself the right to pay and to deduct the amount from the compensation, payable in respect of such property and to terminate the owner's occupation of the property forthwith.

17-24-31

(17 December 1976)

NOTAS

1. Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 26 van die Regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), welke regulasie soos volg lui:

"26. Tot tyde en wyle die eienaar of enige persoon wat namens hom of met sy toestemming okkupeer, onroerende eiendom wat deur die Raad onteien is, ontruim en laasgenoemde toegelaat word om dit in besit te neem, moet die eienaar sorg dat die onroerende eiendom in dieselfde toestand gehou word as waarin dit was op die datum van besorging van die kennisgewing van onteiening, en as hy versuim om dit te doen, het die Raad die reg om die koste verbonde aan die herstel van die eiendom in die genoemde toestand, op die eienaar te verhaal. Enige bedrag wat die eienaar aldus moet betaal, maak behoudens die bepalings van artikel 38 van die Wet, 'n voorkeureis uit teen die vergoeding betaalbaar ten opsigte van die eiendom".

2. Indien dit die eienaar se voorneme is om sy of enige ander persoon se okkupasie van die eiendom voort te sit, na verstryking van die kennisgewingtydperk van drie maande, waarna daar in paragraaf 5 van die "Kennisgewing van onteiening" verwys word, moet die eienaar binne 30 dae vanaf die datum in voormelde kennisgewing vermeld, met die Streekkantoor van die Departement van Gemeenskapsbou in verbinding tree om die nodige reëlings te tref.

3. Indien die eienaar of huidige okkupeerder okkupasie van die eiendom behou totdat daar oor die bedrag van die vergoeding ooreengekom en dit betaal is of totdat die eiendom in die naam van die Raad getransporteer is, is die eienaar vir die betaling van munisipale belastings, heffings en ander kostes ten opsigte van die eiendom, vir die betrokke tydperk, verantwoordelik. Indien die eienaar versuim om sodanige kostes te betaal, behou die Raad ook die reg voor om dit te betaal en van die vergoeding wat ten opsigte van die eiendom betaalbaar is, te verhaal en om die eienaar se okkupasie van die eiendom onverwyld te beëindig.

17-24-31

(17 Desember 1976)

NOTICE 853 OF 1976

COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966

Notice in terms of Regulation 3 (3) published in Government Notice R. 1247, dated 19 August 1966.

Notice is hereby given that—

(a) the list of affected properties in respect of the group area Pietermaritzburg in the District of Pietermaritzburg, Province of Natal, as defined in the Schedule to Proclamation 232/76, published in *Government Gazette* 5323 dated 29 October 1976, has been compiled in terms of section 29 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966);

(b) details regarding the properties included in the list can be obtained from the office of the Regional Representative, Department of Community Development, Sanlam Buildings, 200 Church Street (Private Bag X9045), Pietermaritzburg;

(c) all owners of properties included in the list and all holders of bonds registered over such properties and any other interested parties are hereby called upon to lodge with the Community Development Board, in writing, any objections they may have to the inclusion of

KENNISGEWING 853 VAN 1976

WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966

Kennisgewing ingevolge Regulasie 3 (3) van die regulasies kragtens Goewermentskennisgewing R. 1247 van 19 Augustus 1966.

Kennis geskied hiermee dat—

(a) die lys van geaffekteerde eiendomme vir die groepsgebied Pietermaritzburg in die distrik Pietermaritzburg, provinsie Natal, en soos omskryf in die Bylae tot Proklamasie 232/76, gepubliseer in *Staatskoerant* 5323, gedateer 29 Oktober 1976, opgestel is kragtens artikel 29 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966);

(b) besonderhede aangaande eiendomme wat in die lys opgeneem is kan verkry word van die kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement van Gemeenskapsbou, Sanlamgebou, Kerkstraat 200 (Privaatsak X9045), Pietermaritzburg;

(c) alle eienaars van sodanige eiendom en alle houers van geregistreerde verbande daaroor en enige ander belanghebbendes word hiermee aangesê om indien hulle enige beswaar het teen sodanige insluiting van die

such properties in the said list, together with the reasons therefore, within 21 days of the date of publication hereof.

C. V.d. B. PEROLD, Regional Representative.

Department of Community Development, Private Bag X9045, Pietermaritzburg.

(31 December 1976)

NOTICE 854 OF 1976

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

NOTICE OF EXPROPRIATION REGARDING THE FOLLOWING PROPERTIES:

1. Remainder Erf 1437, Grahamstown, situate in the Municipality of the City of Grahamstown, Division of Albany, measuring 280 square metres.
Title Deed 50, dated 8 September 1865.
Registered owner: Estate late Joseph Edkins (L/4326/242/7).

2. Erf 1448, Grahamstown, situate in the Municipality of the City of Grahamstown, Division of Albany, measuring 4 486 square metres.
Title Deed 78, dated 26 May 1842.
Registered owner: Estate late John Edkins (L/4326/247/8).

3. Erf 1449, Grahamstown, situate in the Municipality of the City of Grahamstown, Division of Albany, measuring 368 square metres.
Title Deed 216, dated 29 January 1839.
Registered owner: Estate late Thomas Sanham (L/4326/245/9).

4. Remainder Erf 1574, Grahamstown, situate in the Municipality of the City of Grahamstown, Division of Albany, measuring 223 square metres.
Title Deed 177, dated 26 September 1823.
Registered owner: Alexander McDonald (L/4326/231/1).

(1) The properties described above, of which you are, to the knowledge of the Community Development Board, established under section 2 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), the owners are required by the said community Development Board in order to achieve the objects for which the Board was established.

(2) Whereas the undersigned as the delegate of the Minister of Community Development has in terms of paragraph (a) of subsection (1) of section 38 of the said Act on 20 June 1974 approved of the expropriation of the said properties.

(3) Therefore, take notice that the said Community Development Board hereby expropriates the said properties with effect from the date of service of this notice.

(4) You are hereby requested to state the amount claimed by you for the said properties and you are further required to deliver, or cause to be delivered to the undersigned within 30 days from the date of service hereof, or within such further period as the Community Development Board may allow—

(a) a statement, in writing, setting forth the amount of compensation (if any) claimed for the immovable property described herein;

(b) your documents of title to the immovable property if these are in your possession or under your control; and

(c) if the said documents are not in your possession or under your control, a list signed by you, of the said documents, setting forth the registration numbers and

eiendom in die lys, hulle skriftelike besware met vermelding van die gronde van beswaar binne 21 dae na die datum van hierdie kennisgewing by die Gemeenskapsontwikkelingsraad in te dien.

C. V.d. B. PEROLD, Streekverteenwoordiger.

Departement van Gemeenskapsbou, Privaatsak X9045, Pietermaritzburg.

(31 Desember 1976)

KENNISGEWING 854 VAN 1976

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

KENNISGEWING VAN ONTEIENING TEN OPSIGTE VAN DIE VOLGENDE EIENDOMME:

1. Restant Erf 1437, Grahamstad, geleë in die munisipaliteit van die stad Grahamstad, afdeling Albanie, groot 280 vierkante meter.
Transportakte 50, gedateer 8 September 1865.
Geregistreerde eienaar: Boedel wyle Joseph Edkins (L/4326/242/7).

2. Erf 1448, Grahamstad, geleë in die munisipaliteit van die stad Grahamstad, afdeling Albanie, groot 4 486 vierkante meter.
Transportakte 78, gedateer 26 Mei 1842.
Geregistreerde eienaar: Boedel wyle John Edkins (L/4326/247/8).

3. Erf 1449, Grahamstad, geleë in die munisipaliteit van die stad Grahamstad, afdeling Albanie, groot 368 vierkante meter.
Transportakte 216, gedateer 29 Januarie 1839.
Geregistreerde eienaar: Boedel wyle Thomas Sanham (L/4326/245/9).

4. Restant Erf 1574, Grahamstad, geleë in die munisipaliteit van die stad Grahamstad, afdeling Albanie, groot 223 vierkante meter.
Transportakte 177, gedateer 26 September 1823.
Geregistreerde eienaar: Alexander McDonald (L/4326/231/1).

(1) Die eiendomme hierbo beskryf, waarvan u na die wete van die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), die geregistreerde eienaars is, word deur genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad benodig ten einde die oogmerke waarvoor die Raad ingestel is, te bereik.

(2) Aangesien die ondergetekende as die gedelegeerde van die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 38 van genoemde Wet op 20 Junie 1974 die onteiening van genoemde eiendomme goedgekeur het.

(3) Neem derhalwe kennis dat genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad genoemde eiendomme onteien vanaf die datum van besorging van hierdie kennisgewing.

(4) U word hiermee versoek om die bedrag wat u ten opsigte van genoemde eiendomme eis, te noem en u moet binne 30 dae na besorging hiervan, of binne so 'n verdere tydperk as wat die Gemeenskapsontwikkelingsraad mag toelaat, aan die ondergetekende lewer of laat lewer—

(a) 'n skriftelike verklaring waarin die bedrag van vergoeding (as daar is) wat u vir die onroerende eiendom hierin beskryf eis, uiteengesit word;

(b) die stukke wat u titelbewyse op die onroerende eiendom uitmaak, indien dit in u besit of onder u beheer is; en

(c) indien genoemde stukke nie in u besit of onder u beheer is nie, 'n lys deur u onderteken van genoemde stukke, met vermelding van die registrasienommers en

dates thereof and the name and address of the person in whose possession or under whose control those documents are and the registration numbers and dates of Mortgage Bonds (if any) on the immovable property and the names and addresses of the holders thereof.

5. Further take notice that the ownership in the immovable properties described herein, shall pass to the said Board upon the date of service hereof and the Board may, after the expiry of a period of not less than three months from the date of service hereof, take possession of the said property.

Notes

1. Attention is drawn to the provision of regulation 26 of the regulation made under the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), and which reads as follows:

"26. Until such time as the owner or any person occupying on his behalf or with his permission, vacates immovable property expropriated by the board and the latter is allowed to take possession thereof the owner shall maintain such immovable property in the same order and condition as it was at the date of service of the notice of expropriation, failing which the board shall be entitled to recover from the owner the cost of restoring the property to its said order and condition. Any amount thus becoming payable by the owner shall, subject to the provisions of section 38 of the Act, from a first charge against the amount of compensation payable in respect of such property.".

2. If it is the owner's intention to continue his or any other person's occupation of the property after the expiration of the three-month period mentioned in paragraph 5 of the "notice of expropriation", the owner should, within 30 days of the date mentioned in the aforesaid notice, contact the Regional Office of the Department of Community Development in order to make the necessary arrangements.

3. Should the owner or present occupier continue to occupy the property until such time as the amount of compensation is agreed upon and paid or the property is registered in the Board's name, the owner shall be responsible for the payment of municipal rates, taxes and other charges on the property for that period. Should the owner fail to pay such charges the Board reserves to itself the right to pay and to deduct the amount from the compensation payable in respect of such property and to terminate the owner's occupation of the property forthwith.

Dated at Port Elizabeth this sixth day of December 1976.

L. FOUCHÉ, Secretary for Community Development.

The Regional Representative, Private Bag X3913, Port Elizabeth, 6056.

31-7-14

(31 December 1976)

datums daarvan en die naam en adres van die persoon in wie se besit of onder wie se beheer daardie stukke is en die registrasienommers en datums van verbande oor die onroerende eiendom (as daar is) en die name en adresse van die houers daarvan.

5. Neem verder kennis dat die eiendomsreg op die onroerende eiendomme hierin beskryf, op die datum van die eerste publikasie hiervan oorgaan op die Raad en die Raad na verstryking van 'n tydperk van minstens drie maande na die voormelde datum, genoemde eiendom in besit kan neem.

Notas

1. Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 26 van die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), welke regulasie soos volg lui:

"26. Tot tyd en wyl die eienaar of enige persoon wat namens hom of met sy toestemming okkupeer, onroerende eiendom wat deur die raad onteien is, ontruim en laasgenoemde toegelaat word om dit in besit te neem, moet die eienaar sorg dat die onroerende eiendom in dieselfde toestand gehou word as waarin dit was op die datum van besorging van die kennisgewing van onteiening, en as hy versuim om dit te doen, het die raad die reg om die koste verbonde aan die herstel van die eiendom in die genoemde toestand, op die eienaar te verhaal. Enige bedrag wat die eienaar aldus moet betaal, maak, behoudens die bepalings van artikel 38 van die Wet, 'n voorkeureis uit teen die vergoeding betaalbaar ten opsigte van die eiendom.".

2. Indien dit die eienaar se voorneme is om sy of enige ander persoon se okkupasie van die eiendom voort te sit, na verstryking van die kennisgewingtydperk van drie maande, waarna daar in paragraaf 5 van die "Kennisgewing van onteiening" verwys word, moet die eienaar, binne 30 dae vanaf die datum in voormelde kennisgewing vermeld, met die Streekkantoor van die Departement van Gemeenskapsbou in verbinding tree om die nodige reëlings te tref.

3. Indien die eienaar of huidige okkupeerder okkupasie van die eiendom behou totdat daar oor die bedrag van die vergoeding ooreengekom en dit betaal is of totdat die eiendom in die naam van die Raad getransporteer is, is die eienaar vir die betaling van munisipale belastings, heffings en ander kostes ten opsigte van die eiendom, vir die betrokke tydperk, verantwoordelik. Indien die eienaar versuim om sodanige kostes te betaal, behou die Raad hom die reg voor om dit te betaal en van die vergoeding wat ten opsigte van die eiendom betaalbaar is, te verhaal en om die eienaar se okkupasie van die eiendom onverwyld te beëindig.

Gedateer te Port Elizabeth op hede die sesde dag van Desember 1976.

L. FOUCHÉ, Sekretaris van Gemeenskapsbou.

Die Streekverteenwoordiger, Privaatsak X3913, Noordeinde, Port Elizabeth, 6056.

31-7-14

(31 Desember 1976)

NOTICE 855 OF 1976

DEPARTMENT OF COMMERCE
COMPANIES ACT, 1973

The following Draft Bill to amend further the Companies Act, 1973, is hereby published for general information and comment.

Any comment should be forwarded to the Registrar of Companies, P.O. Box 429, Pretoria, 0001, before 21 January 1977.

KENNISGEWING 855 VAN 1976

DEPARTEMENT VAN HANDEL
MAATSKAPPYWET, 1973

Die volgende Konsepwetsontwerp om die Maatskappywet, 1973 verder te wysig, word hierby ter algemene inligting en vir kommentaar gepubliseer.

Kommentaar moet voor 21 Januarie 1977 aan die Registrateur van Maatskappye, Posbus 429, Pretoria, 0001, gestuur word.

BILL

To amend the Companies Act, 1973, so as to further define certain expressions; to provide for the appointment of an acting Registrar of Companies; to require the giving, in annual financial statements of companies, of information regarding certain loans made and security provided in certain circumstances; to apply the provisions thereof to capital redemption reserve funds created prior to 1 January 1974; to repeal the provisions relating to a statement in lieu of a prospectus; to further regulate the offering of shares to the public; to apply to a rights offer certain provisions relating to the offering of shares to the public; to further define the requirements with which a prospectus is to comply; to further regulate the effects of the issue of a prospectus; to make further provision in regard to the particulars to be contained in an annual return; to enlarge the powers of the Registrar to extend a period within which anything is to be performed; to provide that certain companies need not, in certain circumstances, hold an annual general meeting; to further regulate the steps to be taken by a company after the appointment of a director or certain officers; to further regulate the giving to a company of certain particulars in respect of directors and officers for the purposes of the register of directors and officers; to further regulate the making of loans to and the provision of security for a director or manager of a company; to extend the powers of an inspector investigating the affairs of a company; to empower the Minister to delegate certain powers; to authorise, in certain cases, the appointment of an auditor as liquidator; and to effect certain textual alterations; and to provide for matters connected therewith.

Introduced by the Minister of Economic Affairs

Be it enacted by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:

Amendment of section 1 of Act 61 of 1973, as amended by section 1 of Act 76 of 1974

1. Section 1 of the Companies Act, 1973 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the definition of "share" of the following definition:

" 'share', in relation to a company, means a share in the share capital of that company and includes stock; and in relation to [a prospectus] *an offer of shares for subscription or sale*, means [the shares] *a share* of a company, whether a company within the meaning of this Act or not and includes [debentures] *a debenture* and any rights or interests (by whatever name called) in a company or in or to shares or debentures;".

Amendment of section 7 of Act 61 of 1973

2. (1) Section 7 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

"(1*A*) *The Minister may likewise appoint an acting Registrar when the office of Registrar is vacant or the Registrar is absent or unable to perform his functions.*".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 March 1976.

WETSONTWERP

Tot wysiging van die Maatskappywet, 1973, ten einde sekere uitdrukkings nader te omskryf; voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n waarnemende Registrateur van Maatskappye; te vereis dat in finansiële jaarstate van maatskappye inligting verstrek word betreffende sekere lenings wat toegestaan is en sekuriteit wat onder sekere omstandighede voorsien is; die bepalings daarvan van toepassing te maak op kapitaalaflossingsreserwefondse wat voor 1 Januarie 1974 in die lewe geroep is; die bepalings betreffende 'n verklaring in plaas van 'n prospektus te herroep; die aanbieding van aandele aan die publiek verder te reël; sekere bepalings betreffende die aanbieding van aandele aan die publiek op 'n regte-aanbod van toepassing te maak; die vereistes waaraan 'n prospektus moet voldoen, nader te bepaal; die uitwerking van die uitreiking van 'n prospektus verder te reël; verder voorsiening te maak met betrekking tot die besonderhede wat in 'n jaarverslag vervat moet wees; die bevoegdhede van die Registrateur uit te brei om 'n tydperk waarin iets verrig moet word, te verleng; te bepaal dat sekere maatskappye onder sekere omstandighede nie 'n algemene jaarvergadering hoef te hou nie; die stappe nader te reël wat 'n maatskappy na die aanstelling van 'n direkteur of sekere beamptes moet doen; die verstrekking aan 'n maatskappy van sekere besonderhede ten opsigte van direkteure en beamptes vir die doeleindes van die register van direkteure en beamptes verder te reël; die toestaan van lenings aan, en die voorsiening van sekuriteit vir, 'n direkteur of bestuurder van 'n maatskappy verder te reël; die bevoegdhede van 'n inspekteur wat die sake van 'n maatskappy ondersoek, uit te brei; die Minister te magtig om sekere bevoegdhede te delegeer; die aanstelling van 'n ouditeur as likwidateur in sekere gevalle te magtig; en sekere teksveranderinge aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Ingedien deur die Minister van Ekonomiese Sake

Daar word bepaal deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Wysiging van artikel 1 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 76 van 1974

1. Artikel 1 van die Maatskappywet, 1973 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in subartikel (1) die omskrywing van "aandeel" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'aandeel', met betrekking tot 'n maatskappy, 'n aandeel in die aandelekapitaal van daardie maatskappy, en ook effekte; en met betrekking tot 'n [prospektus] *aanbod van aandele vir inskrywing of verkoop*, [die aandele] *'n aandeel* van 'n maatskappy, hetsy 'n maatskappy binne die betekenis van hierdie Wet al dan nie, en ook [skuldbriewe] *'n skuldbrief* en regte of belange (hoe ook al genoem) in 'n maatskappy of in of op aandele of skuldbriewe;".

Wysiging van artikel 7 van Wet 61 van 1973

2. (1) Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

"(1*A*) *Die Minister kan insgelyks 'n waarnemende Registrateur aanstel wanneer die amp van Registrateur vakant is of wanneer die Registrateur afwesig is of nie sy werksaamhede kan verrig nie.*".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 1976 in werking te getree het.

Substitution of section 37 of Act 61 of 1973, as amended by section 2 of Act 76 of 1974

3. (1) The following section is hereby substituted for section 37 of the principal Act:

"Loans made and security provided by a subsidiary

37. (1) (a) *If, during any financial year—*

(i) *any funds of a company has been employed directly or indirectly (whether through the instrumentality of its subsidiary or otherwise) in a loan to any company which is its holding company or which is a subsidiary of that holding company; or*

(ii) *a company directly or indirectly (whether through the instrumentality of its subsidiary or otherwise) has provided any security to another person in connection with an obligation of any company which is its holding company or which is a subsidiary of that holding company;*

particulars of that loan or security, as the case may be, shall be stated in the annual financial statements of the company for that year.

(b) *The provisions of paragraph* (a) *shall not apply in respect of loans made or security provided* bona fide *in the ordinary course of the business of a company actually and regularly carrying on a business which includes the making of loans or the provision of security, as the case may be.*

(2) (a) *Any director or officer of a company who fails to take all reasonable steps to secure compliance with the provisions of subsection* (1) *shall be guilty of an offence.*

(b) *In any prosecution against any director or officer of a company under paragraph* (a), *the defence referred to in section* 284 (4) (b) *shall,* mutatis mutandis *be available to him.*

(3) (a) *Any director or officer of a company who authorised or permitted or was a party to the making of any loan or the provision of any security contemplated in subsection* (1) (a), *shall be liable to the company for any damage arising from the making of such loan or the provision of such security on terms or conditions which, at the time of the making of such loan or the provision of such security, were not fair to the company or failed to provide reasonable protection for its business interests: Provided that a director or officer who has paid any amount as damages by virtue of the provisions of this paragraph may recover a proportional part thereof from any other director or officer who is in terms of this paragraph also liable to the company for the same damage.*

(b) *For the purposes of paragraph* (a) *a director or officer of a company shall include any director or officer of a holding company of such company, and for the purposes of recovery of such damages as are contemplated in the said paragraph* (a) *the provisions of sections* 266, 267 *and* 268 *shall* mutatis mutandis *apply, and in such application a director or officer or past director or officer of such holding company shall be deemed to be a director or officer or past director or officer of such company, respectively.*

(c) *In enquiring, for the purposes of paragraph* (a), *whether any terms or conditions were or were not fair to the company or did not provide reasonable protection to its business interests, regard shall be had, without prejudice to the generality of the enquiry, to—*

(i) *whether, in view of the financial position of the parties, the loan should have been made or the security should have been provided at all;*

Vervanging van artikel 37 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 76 van 1974

3. (1) Artikel 37 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Lenings toegestaan en sekuriteit verskaf deur 'n filiaal

37. (1) (a) *Indien gedurende 'n boekjaar—*

(i) *fondse van 'n maatskappy regstreeks of onregstreeks (hetsy deur tussenkoms van sy filiaal of andersins) aangewend is vir 'n lening aan 'n maatskappy wat sy houermaatskappy of wat 'n filiaal van daardie houermaatskappy is;*

(ii) *'n maatskappy regstreeks of onregstreeks (hetsy deur tussenkoms van sy filiaal of andersins) sekuriteit voorsien het aan iemand anders in verband met 'n verpligting van 'n maatskappy wat sy houermaatskappy of wat 'n filiaal van daardie houermaatskappy is;*

moet besonderhede van daardie lening of sekuriteit, na gelang van die geval, in die finansiële jaarstate van die maatskappy vir daardie jaar vermeld word.

(b) *Die bepalings van paragraaf* (a) *is nie van toepassing nie ten opsigte van lenings wat te goeder trou toegestaan of sekuriteit wat te goeder trou voorsien is in die gewone loop van die besigheid van 'n maatskappy wat inderdaad en gereeld 'n besigheid dryf wat, na gelang van die geval, die toestaan van lenings of die voorsiening van sekuriteit insluit.*

(2) (a) *'n Direkteur of beampte van 'n maatskappy wat versuim om alle redelike stappe te doen om voldoening aan die bepalings van subartikel* (1) *te verseker, is aan 'n misdryf skuldig.*

(b) *By 'n vervolging teen 'n direkteur of beamptes van 'n maatskappy ingevolge paragraaf* (a), *is die verweer bedoel in artikel* 284 (4) (b), mutatis mutandis *vir hom beskikbaar.*

(3) (a) *'n Direkteur of beampte van 'n maatskappy wat die toestaan van 'n lening of die voorsiening van sekuriteit beoog in subartikel* (1) (a) *gemagtig of toegelaat het of medepligtig daaraan was, is teenoor die maatskappy aanspreeklik vir skade wat voortspruit uit die toestaan van so 'n lening of die voorsiening van sodanige sekuriteit op bedinge of voorwaardes wat, op die tydstip van die toestaan van so 'n lening of die voorsiening van sodanige sekuriteit, nie billik teenoor die maatskappy was nie of nie redelike beskerming vir sy besigheidsbelange verskaf het nie: Met dien verstande dat 'n direkteur of beampte wat 'n bedrag as skadevergoeding uit hoofde van hierdie paragraaf betaal het, 'n eweredige deel daarvan kan verhaal op elke ander direkteur of beampte wat kragtens hierdie paragraaf ook teenoor die maatskappy vir dieselfde skadevergoeding aanspreeklik is.*

(b) *By die toepassing van paragraaf* (a) *beteken 'n direkteur of beampte van 'n maatskappy ook 'n direkteur of beampte van 'n houermaatskappy van so 'n maatskappy, en vir doeleindes van die verhaal van skadevergoeding wat in genoemde paragraaf* (a) *beoog word, is die bepalings van artikels* 266, 267 en 268 mutatis mutandis *van toepassing, en by sodanige toepassing word 'n direkteur of beampte of voormalige direkteur of beampte van sodanige houermaatskappy geag onderskeidelik 'n direkteur of beampte of voormalige direkteur of beampte van daardie maatskappy te wees.*

(c) *By ondersoek, vir die doeleindes van paragraaf* (a), *of bedinge of voorwaardes billik was of nie billik was nie teenoor die maatskappy of redelike beskerming of nie redelike beskerming nie vir sy besigheidsbelange verskaf het, word, sonder afbreuk aan die algemeenheid van die ondersoek, in ag geneem—*

(i) *of, gesien die finansiële gesteldheid van die partye, die lening hoegenaamd toegestaan of die sekuriteit hoegenaamd voorsien behoort te geword het;*

(ii) *in the case of a loan, whether security has been or should in the circumstances have been provided therefor, and the value of any security provided therefor;*

(iii) *the consideration for the loan or security, including any benefit received therefor;*

(iv) *the term of the loan or security; and*

(v) *the manner of repayment of the loan or discharge of the security.*

(d) *The provisions of this subsection shall not derogate from any other rule of law relating to the liability of a director or officer of a company.*

(4) *For the purposes of this section—*

(a) *'funds' includes money, shares, debentures or any other property;*

(b) *'loan' includes any credit extended by a company, if the debt concerned is not payable or being paid in accordance with the normal business practice of the company in respect of the payment to it of other debts of the same kind;*

(c) *'security' includes a guarantee.*

(5) *The provisions of this section shall not apply to anything done by a company which is a wholly owned subsidiary or anything done by a company with the consent of all its members.".*

(2) Subsection (1) shall come into operation on a date fixed by the Minister by notice in the *Gazette.*

Amendment of section 98 *of Act* 61 *of* 1973.

4. Section 98 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(7) *This section shall also apply in respect of any balance of any capital redemption reserve fund created by a company prior to* 1 *January* 1974.".

Repeal of section 141 *of Act* 61 *of* 1973 *and heading thereto.*

5. Section 141 of the principal Act and the heading thereto are hereby repealed.

Amendment of section 142 *of Act* 61 *of* 1973, *as amended by section* 7 *of Act* 111 *of* 1976.

6. Section 142 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion of the definition of "issued generally";

(b) by the substitution for the definition of "offer" of the following definition:

" 'offer' in relation to shares, means an offer made in any way, including by provisional allotment *or allocation,* for the subscription for or sale of any shares, and includes an invitation to subscribe for or purchase any shares;";

(c) by the substitution for the definition of "rights offer" of the following definition:

" 'rights offer' means an offer for subscription, with a right to renounce in favour of other persons, to the members or debenture holders of a company, [any of whose shares are listed on a stock exchange within the Republic or which is recognised by the Minister for the purpose of this definition by notice in the *Gazette,*] for any shares (as defined in relation to [a prospectus] *an offer of shares for subscription or sale* in section 1 (1) [of that company], where [such] a stock exchange *within the Republic or a stock exchange recognised by the Minister for the purposes of this definition by notice in the* Gazette has granted or has agreed to grant a listing for the shares which are the subject of the offer;" and

(ii) *in die geval van 'n lening, of sekuriteit daarvoor voorsien is of, onder die omstandighede, voorsien behoort te geword het, en die waarde van sekuriteit wat daarvoor voorsien is;*

(iii) *die teenprestasie vir die lening of sekuriteit, met inbegrip van die een of ander voordeel wat daarvoor ontvang is;*

(iv) *die termyn van die lening of sekuriteit; en*

(v) *die wyse van terugbetaling van die lening of aflossing van die sekuriteit.*

(d) *Die bepalings van hierdie subartikel doen nie afbreuk aan die een of ander regsreël betreffende die aanspreeklikheid van 'n direkteur of beampte van 'n maatskappy nie.*

(4) *By die toepassing van hierdie artikel beteken—*

(a) *'fondse' ook geld, aandele, skuldbriewe en enige ander goed;*

(b) *'lening' ook enige krediet wat deur 'n maatskappy toegestaan is, indien die betrokke skuld nie betaalbaar is of betaal word nie volgens die normale besigheidspraktyk van die maatskappy ten opsigte van die betaling aan hom van ander skulde van dieselfde soort;*

(c) *'sekuriteit' ook 'n waarborg.*

(5) *Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie op iets wat gedoen word deur 'n maatskappy wat 'n volfiliaal is of iets wat deur 'n maatskappy gedoen word met die toestemming van al sy lede.".*

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

Wysiging van artikel 98 *van Wet* 61 *van* 1973

4. Artikel 98 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(7) *Hierdie artikel is ook van toepassing ten opsigte van enige saldo van 'n kapitaalaflossingsreserwefonds wat voor* 1 *Januarie* 1974 *deur 'n maatskappy in die lewe geroep is.".*

Herroeping van artikel 141 *van Wet* 61 *van* 1973 *en opskrif daarby*

5. Artikel 141 van die Hoofwet en die opskrif daarby word hierby herroep.

Wysiging van artikel 142 *van Wet* 61 *van* 1973, *soos gewysig deur artikel* 7 *van Wet* 111 *van* 1976

6. Artikel 142 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van "aanbod" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'aanbod', met betrekking tot aandele, 'n aanbod op enige wyse gedoen, insluitende deur 'n voorlopige toewysing of *toekenning,* vir die inskrywing op of verkoop van aandele, en ook 'n uitnodiging om in te skryf op aandele of om hulle te koop;";

(b) deur die omskrywing van "algemeen uitgereik" te skrap;

(c) deur die omskrywing van "regte-uitgifte" deur die volgende omskrywing te vervang:

"[regte-uitgifte] *'regte-aanbod'* 'n aanbod vir inskrywing, met die reg om afstand te doen ten gunste van ander persone, aan die lede of skuldbriefhouers van 'n maatskappy [waarvan enige aandele op 'n effektebeurs in die Republiek genoteer word of wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* vir die doeleindes van hierdie omskrywing erken word], op enige aandele (soos in artikel 1 (1) met betrekking tot 'n [prospektus] *aanbod van aandele vir inskrywing of verkoop* omskryf) [van daardie maatskappy], waar [so] 'n effektebeurs *in die Republiek of 'n effektebeurs deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant in die doeleindes van hierdie omskrywing erken,* toestemming verleen het, of ingestem het om toestemming te verleen, vir die notering van die aandele wat die onderwerp van die aanbod is;"; en

(d) by the substitution in the Afrikaans text for the definition of "toewysingsbrief" of the following definition:

" 'toewysigingsbrief' 'n stuk wat 'n reg verleen om op aandele in te skryf ingevolge 'n [regte-uitgifte] *regte-aanbod.*".

Amendment of section 143 *of Act* 61 *of* 1973

7. Section 143 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) No person shall offer to the public any shares of any company or body corporate which is not a company or external company within the meaning of this Act *or which has not been exempted from the provisions of this subsection by the Registrar by notice in the* Gazette.".

Amendment of section 144 *of Act* 61 *of* 1973, *as amended by section* 8 *of Act* 111 *of* 1976

8. Section 144 of the principal Act is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for paragraph (d) of the following paragraph:

"(d) indien dit 'n [regte-uitgifter] *regte-aanbod* is.".

Amendment of section 146 *of Act* 61 *of* 1973

9. Section 146 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) No person shall make any offer to the public for the sale of any shares—

[(a) which have been, or have been agreed to be, allotted by the company concerned with a view to all or any of them being offered to the public; or

(b) in respect of which it has been made known in any way at or about the time of, and in connection with such offer, that the company concerned has applied or intends to apply for their listing by a stock exchange in the Republic or elsewhere,]

unless it is accompanied by a prospectus complying with the requirements of this Act and registered in the Companies Registration Office, and no person shall issue such a prospectus which has not been so registered.";

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) *The provisions of subsection* (1) *shall not apply*—

(a) *if the shares to which the offer relates are shares which are listed on a stock exchange within the Republic or a stock exchange recognised by the Minister by notice in the* Gazette *for the purpose of this section, and the offer concerned is accompanied by a statement in writing to that effect and specifying such stock exchange;*

(b) *if the offer is made only to persons*—

(i) *whose ordinary business it is or of whose ordinary business a part is to deal in shares, whether as principals or agents; or*

(ii) *who are at the time of the offer the holders of shares of the company concerned;*

(c) *in the case of an offer, in his capacity as such, by an executor or administrator of a deceased estate or a trustee of an insolvent estate or a liquidator of a company or a liquidator or trustee referred to in the Agricultural Credit Act,* 1966 (*Act* 28 *of* 1966);

